
Publication: Landbouweekblad
Date: Thursday, April 30, 2020
Page: 41





# Volmagte en demensie

**Die boedelbeplanning van mense wat nie meer by hul volle bewussyn is nie, is ingewikkeld. Verskeie aspekte ten opsigte van die wet en belasting moet in ag geneem word. Daar is oplossings wat tot voordeel van ál die betrokkenes is.**

Kliënte vra gereeld wat hulle moet doen as een van hul ouers aan demensie begin ly. Hoe bestuur 'n mens so 'n situasie ten beste wat boedelbeplanning betref?

Daar is baie voorbeelde van bejaardes wat weens hul ouderdom en 'n gebrek aan vermoë, hetsy fisiek of verstandelik, 'n sogenoemde volmag aan 'n kind of ander persoon gegee het om hul sake te bestuur. Gewoonlik is dit banksake, mediese versekering en die bestuur van hul dag-tot-dag-sake. Die bedoeling is gewoonlik om sodanige volmag te laat geld tot die einde aanbreek.

Let daarop dat niemand aan iemand anders 'n volmag kan gee as hy of sy nie self in staat is om sodanige take te verrig of besluite te neem nie. Wat die Suid-Afrikaanse reg betref, is so 'n volmag slegs geldig solank die gewer van die volmag steeds self die take en besluite sou kon behartig. Indien jou pa of ma dus nie meer by sy of haar volle bewussyn is nie, verval enige volmag wat aan jou gegee is outomaties.

Al die kontrakte wat jy dus namens jou ouer aangegaan het, gaan ongeldig wees omdat jy nie meer die magtigingsbevoegdheid het nie. Die volmaghouer (agent) word deur siviele eise in die gesig gestaar as enige party die geldigheid van sodanige handeling bevraagteken. In die praktyk weet ons daar lê duisende volmagte by banke en versorgingseenhede wat inderwaarheid ongeldig is.

In Amerika en Brittanje bestaan die begrip "lasting power of attorney". Dit is geldig tot die oomblik van afsterwe. Die Regshervormingskommisie in Suid-Afrika het reeds in 2004 in 'n verslag getiteld *Gesteunde besluitnemimg: Volwassenes met 'n beperkte besluitnemingsvermoë* (vry vertaal) voorgestel dat wetgewing gewysig moet word. Tot dusver is niks gewysig nie.

## MOONTLIKE OPLOSSINGS

Die verwante partye kan 'n aansoek by die hooggeregshof bring om 'n curator bonis aan te stel. Hierdie kurator sal dan gemagtig wees om alle finansiële belange te behartig tot met die persoon se afsterwe, waarna die eksekuteur sal oorneem. Hierdie proses is nogal duur en kan R30 000 tot R40 000 kos.

'n Alternatief vir mense met kleiner boedels is om aansoek te doen om as administrateur aangestel te word ingevolge die Wet op Geestesgesondheidsorg.

As laaste en moontlik die beste oplossing kan 'n trust gebruik word. Terwyl die persoon nog toerekeningsvatbaar is, kan hy of sy 'n inter vivos-trust registreer met hom- of haarself as enigste en lewenslange begunstigde.

Die trustees kan tipies 'n kind of twee en 'n ander professionele persoon wees. Sodra die begunstigde ingevolge die definisie in die wet (Wysigingswet op Belastingwette, Wet 22 van 2000, artikel 6B[1]) as "ongeskik" verklaar word, word die trust as 'n sogenoemde spesiale trust by die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SAID) geregistreer.

Die belangrikste element naas die voldoening aan die definisie van ongeskiktheid is dat die trustees aan geen ander persoon voordele kan toeken nie. Dit mag egter wel gebeur sodra die oorspronklike begunstigde sterf.

Hoe kry 'n mens bates in so 'n trust? Op twee maniere, naamlik skenkings of lenings.

Skenkings aan spesiale trusts word gedek in die SAID se bindende private beslissings (BPR 306). Daarin word bepaal dat sodanige skenkings vir bogenoemde doel nie onderworpe is aan geskenkebelasting nie. Die SAID sal egter elke geval op meriete aanslaan en beoordeel. Die gevreesde artikel 7C van die Wet op Inkomstebelasting sluit lenings aan spesiale trusts uit, en geen rente hoef aan die uitlener betaal te word nie.

Die finansiering van 'n primêre woning van 'n verbonde persoon is uitgesluit. Derhalwe kan die boedeleienaar vir hom- of haarself 'n gerieflike eenheid in 'n versorgingseenheid bekom en terselfdertyd sy of haar boedel aansienlik verklein.

Polisse wat 'n persoon teen gevreesde siektes en ongeskiktheid verseker, kan ook sinvol aangewend word om geld in die trust te kry.

Daar is dus hoop vir potensiële lyers aan demensie. Dit is egter 'n hoogs gespesialiseerde gebied in boedelbeplanning. Kundige en professionele advies is noodsaaklik. **LBW**

*Mnr. Johan Brandt is 'n lid van Fisa en 'n regs-en-sakekonsultant verbonde aan Allegiance Consulting (Edms.) Bpk.*

NAVRAE: E-pos: **info@allegiance.co.za**

This material has been copied under a Not Selected licence and is not for resale or retransmission.